


# Barmhartigheid.



Luk 10:33 Maar 'n sekere Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom; en toe hy hom sien, **het hy innig jammer gevoel**,  
Luk 10:34 en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakkier gehelp en hom **na 'n herberg geneem** en vir hom gesorg.



# Barmhartigheid.

Uit barmhartigheid het God ons van die loon van die sonde gered! Die ewige dood in die verdoemenis, die hel.

Ons verlossing is 100% God se werk . Ons verlossing is gebore uit God se barmhartigheid en genade.

Die uitvoering van die verlossings-plan is dus 'n daad wat deur God se barmhartigheid gedryf was. Hy moes 'n plaasvervanger kry. Iemand wat namens ons die straf vir die sonde kon dra.

Efes 2:4 Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het,

Efes 2:5 ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered—

Noudat ons gered is deur Jesus Christus, kan Ons dus God se troon met groot vrymoedigheid benader .

Heb 4:14 Terwyl ons dan **‘n groot Hoëpriester** het wat deur die hemele deurgestaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou.

Heb 4:15 **Want ons het nie ‘n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.**

Heb 4:16 Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.

**Iemand het eenkeer gesê:** “Barmhartigheid is om NIE te kry DIT (die straf, die hel) wat jy wel verdien; en Genade is om te kry DIT (die ewige lewe), wat jy nie verdien nie.”

HAT; WOOrdeboek "Barmhartigheid" = Medelydend, met meegevoel; sag; Iemand barmhartig behandel.

## Wat is Barmhartigheid?

Barmhartigheid is om uit te reik na iemand in nood sonder om verskonings te soek, ongeag jou eie planne. Barmhartigheid is om die persoon in nood se behoefte hoër te ag as jou eie. Om ware barmhartigheid te betoon beteken om minder bekommerd te wees oor jou eie sake en meer om te gee vir ander en hulle pyn.

### **JESUS vertel 'n gelykenis om Barmhartigheid te illustreer:**

Luk 10:30 **En Jesus antwoord en sê: 'n Sekere man het afgegaan** van Jerusalem na Jérigo en onder rowers verval, en nadat hulle hom uitgetrek en geslaan het, gaan hulle weg en laat hom half dood lê.

Luk 10:31 **En bygeval het 'n priester** met daardie pad afgekom, en toe hy hom sien, gaan hy anderkant verby.

Luk 10:32 **En net so het ook 'n Leviet** by dié plek gekom en hom gesien en anderkant verbygegaan.

Luk 10:33 **Maar 'n sekere Samaritaan** wat op reis was, het op hom afgekom; en toe hy hom sien, het hy innig jammer gevoel,

Luk 10:34 en na hom gegaan, sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakkedier gehelp en hom **na 'n herberg geneem** en vir hom gesorg.

Luk 10:35 En toe hy die volgende môre weggaan, haal hy twee pennings uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê vir hom: Sorg vir hom, en enige onkoste wat jy nog meer mag hê, sal ek jou betaal as ek terugkom.

Die Samaritaan het sekere dinge gedoen:

1. Eerstens het hy innig jammer vir hom gevoel.

Barmhartigheid is om empatie en simpatie te hê met iemand wat seergekry het. Jesus se gelykenis leer ons waarom die Samaritaan gehelp het. “ **Want hy het hom innig jammer gekry.**” [ Ons

kan die woord barmhartigheid ook vertaal met medelye. ] Die woord beteken presies wat hy sê, om saam met die lydende persoon te ly. Om sy pyn te voel en daadwerklik daarby betrokke te raak! **Een van die kommentare sê:** “Barmhartigheid is medelye in aksie!”

1 Kor 12:26 **En as een lid ly, ly al die lede saam;** en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.

2. Hy het gedoen wat hy kon met dít wat hy tot sy beskikking gehad het. [Vers 34]

Barmhartigheid is om te doen wat jy kan. God vra nooit die onmoontlike van jou nie. Hy vra nie iets wat jy nie het nie. God vra dat jy 'n naaste vir iemand anders moet wees met dit wat tot jou beskikking is.

Wat het jy tot jou beskikking waarmee jy iemand anders kan help? - Jy het ten minste, tyd. Dit is om tyd by iemand te spandeer. Om met medelye te gaan sit en luister. Dikwels kan jy nie die persoon se probleem oplos nie, maar deur bloot by die persoon te gaan sit en met medelye te luister, doen jy reeds wat God van jou verlang.

3. **Hy het hom na ‘n herberg geneem en die nag daar oorgebly om hom te versorg:**

Barmhartigheid is om daardie ekstra myl te loop. Dit wat ons sommer so in die verbygaan doen wat ons nie regtig iets kos nie, wat nie iets persoonlik van ons eis nie, is nie barmhartigheid nie, dit is om jou gewete te sus. Barmhartigheid is om bereid te wees om uit jou pad te gaan om die ander persoon te help.

4. Toe hy verder moes gaan het hy reëlings getref dat hy steeds versorg sou word, daarvoor betaal en ook belowe dat hy enige verdere kostes sou kom betaal wanneer hy terugkom:

Barmhartigheid is ook om meer van jouself te gee. Dit is nie slegs om vir iemand 'n aalmoesie in die hand te stop nie. Dit sus

slegs ons gewetes en laat ons so gou en pynloos moontlik van die persoon ontslae te raak.

'n Laaste eienskap van barmhartigheid is om iemand nie aan sy lot oor te laat nie, om medelye en hulp en bystand te betoon sonder 'n verskuilde motief.

Die Samaritaan was nie gemotiveer deur wat die man vir hom gaan terug doen of gee nie. Hy was nie gemotiveer deur dit wat hy daaruit sou kry nie. Hy was nie gemotiveer deur eie voordeel nie. Hy was slegs gemotiveer deur sy innige medelye met die man wat seergekry het. Jy kan alleenlik aanspraak daarop maak dat jy barmhartigheid bewys as jy dit sonder enige verskuilde motiewe doen.

Luk 6:33 En as julle goed doen aan die wat aan julle goed doen, watter dank het julle? Want die sondaars doen ook dieselfde.

Luk 6:34 En as julle leen aan dié van wie julle hoop om terug te ontvang, watter dank het julle? Want die sondaars leen ook aan die sondaars, om net soveel terug te ontvang.

Luk 6:35 Maar julle moet jul vyande liefhê en goed doen en leen sonder om iets terug te verwag, en julle loon sal groot wees; en julle sal kinders van die Allerhoogste wees; want Hy self is goedertieren oor die ondankbares en slegtes.

Luk 6:36 Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is.

Luk 6:38 **Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat** ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.

Paulus pleit vir barmhartigheid, by Filémon vir Onésimus die bekeerde slaaf wat van sy heer weggeloop het !!!

FIm 1:10 pleit by jou vir my kind, Onésimus, wat ek verwek het in my boeie,

FIm 1:11 wat vroeër vir jou nutteloos was, maar nou baie nuttig vir jou en vir my. Ek stuur hom terug;

FIm 1:12 maar neem jy hom, dit is my eie hart, aan.

FIm 1:13 Ek wou hom by my hou, sodat hy my in die boeie van die evangelie in jou plek kan dien.

FIm 1:14 Maar sonder jou goedkeuring wou ek niks doen nie, sodat jou goedheid nie uit dwang sou wees nie, maar uit vrye keuse.

FIm 1:15 **Want miskien is hy om hierdie rede 'n tydjie van jou geskei**, dat jy hom vir altyd kan besit,

FIm 1:16 **nie meer as 'n slaaf nie, maar méér as 'n slaaf, as 'n geliefde broeder** in die vlees sowel as in die Here, veral vir my, hoeveel te meer vir jou.

FIm 1:17 **As jy my dan vir 'n metgesel hou, neem hom aan net soos vir my.**

FIm 1:18 **En as hy jou benadeel het of iets skuld, sit dit op my rekening—**

FIm 1:19 ek, Paulus, het dit met my eie hand geskrywe: **ek sal betaal**—om nie te sê jou rekening nie, want jy is daarby jou eie persoon ook aan my verskuldig.

God verwag nou van ons [wat soveel barmhartigheid van HOM ontvang het] om ook barmhartigheid aan ander te gaan bewys. "Leer jouself om barmhartig te wees"

Deur middel van die onderstaande gelykenis leer JESUS ons dat ons ook net soveel barmhartigheid moet betoon as wat GOD aan ons bewys het.

Mat 18:23 Daarom word die koninkryk van die hemele vergelyk **met 'n sekere koning wat met sy diensknegte wou afreken.**

Mat 18:24 En toe hy begin afreken, word daar een na hom gebring wat tien duisend talente skuldig was.

Mat 18:25 En omdat hy nie kon betaal nie, gee sy heer bevel dat hy verkoop moet word, en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, en dat betaal moet word.

Mat 18:26 Toe val die dienskneg neer en buig voor hom en sê: Heer, wees lankmoedig met my, en ek sal u alles betaal.

Mat 18:27 En die heer van daardie dienskneg het innig jammer vir hom gevoel en hom losgelaat en hom die skuld kwytge-

skeld.

Mat 18:28 Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy mede-diensknegte vind wat hom honderd pennings skuldig was, het hy hom aan die keel gegryp en gesê: Betaal my wat jy skuld.

Mat 18:29 Sy mededienskneg val toe voor sy voete neer en smeeek hom en sê: Wees lankmoedig met my, en ek sal jou alles betaal.

Mat 18:30 En hy wou nie, maar het gegaan en hom in die gevangenis gewerp totdat hy die skuld sou betaal het.

Mat 18:31 En toe sy medediensknegte sien wat gebeur het, was hulle baie bedroef, en hulle het gegaan en aan hulle heer meegedeel alles wat gebeur het.

Mat 18:32 Daarop roep sy heer hom en sê vir hom: Jou slegte dienskneg, al daardie skuld het ek jou kwytgeskeld, omdat jy my gesmeek het;

Mat 18:33 moes jy nie jou mededienskneg ook barmhartig wees soos ek jou ook barmhartig gewees het nie?

Mat 18:34 En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was.

Ons moet barmhartigheid bewys omdat GOD onuitspreeklike barmhartigheid aan ons bewys het.

Ons moet barmhartigheid betoon of dit ons baie kos of nie. Ons moet barmhartigheid betoon tot op die punt wat dit ons seermaak ! Want God het lankal reeds die grootste moontlike vorm van barmhartigheid aan ons bewys, deur die redding van ons siele, afgesien van al SY goedheid en guns, genade en weldade wat HY daaglik aan ons bewys. As ons dan die wonderlikste barmhartigheid uit God se hand ontvang het, hoe kan ons ons rug op ander draai wat ons hulp en barmhartigheid nodig het?

Mat 5:7 Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

Verskillende soorte Barmhartigheid.

Daar is verskillende soorte Barmhartigheid— barmhartigheid



wat net uit aalmoese bestaan is die barmhartigheid wat die Fariseërs toegepas het. Baie van ons is self ook daaraan skuldig. **Daar was nog nooit 'n tyd gewees met soveel georganiseerde Barmhartigheds organisasies nie.** En tog was daar ook nog **nooit 'n tyd gewees waarin die mens so vereensaam en alleen in sy ellende was nie.** **Barmhartigheid het 'n saaklike aksie geword.**

JESUS sê vir die Fariseërs:

Mat 9:13 Maar gaan leer wat dit beteken: Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie; .....

HY het dit teen die gevoellose wyse gehad waarop die Fariseërs hulle barmhartigheid toegepas het. Hulle sou vinnig hul beursies oopmaak, maar hul harte was verhard en het geslote gebly teenoor hul naaste. Ons kan dit maar net as hartelose en gevoellose barmhartigheid sien.

**Alles in die lewe het 'georganiseerde sake' geword..** Dit is die saak van dit ... En die saak van dat ... Die saak van evangelisasie en die **saak van liefdadigheid.** **Terwyl jou gesindheid teenoor die 'saak'** van barmhartigheid eintlik bepaal word deur jou verhouding met GOD en jou naaste. Alles gaan in werklikheid oor die mense in nood— materiële, sowel as geestelike nood.

Die barmhartigheid wat JESUS van ons verlang, is die barmhartigheid wat met die hart en gevoel bewys word, nie slegs met die beursie nie. Hierdie soort barmhartigheid raak betrokke by die mense in nood, besoek hulle en verleen hulp. Hierdie soort **barmhartigheid gee nie net 'n 'bedraggie' om die gewete te stil nie.**

Jak 2:13 Want die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat geen barmhartigheid bewys het nie; en die barmhartigheid roem teen die oordeel.

Jak 2:15 As daar nou **'n broeder of suster** naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het,

Jak 2:16 en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar



julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie—wat baat dit?

Die Betekenis van die woord Barmhartigheid in die Skrif:

Waar die woord "barmhartigheid" gebruik word in die Afrikaanse Bybel, word verskillende Hebreeuse en Griekse woorde gebruik, bv. die Hebreeuse woord "kheh-sed", wat beteken: "favour, good deed, kindness, pity, merciful, [guns, goeie dae, barmhartigheid, omgee]of die Griekse woord "el-eh-os", wat beteken, "compassion, (tender) mercy". Somtyds is daardie selfde Hebreeuse woord bv. gebruik in verskillende tekse, maar verskillend vertaal in die Afrikaans, bv. as "goedertierenheid" of "guns" of "liefde" - ons moet ook verstaan dat dit gebruik is in verskillende kontekste.

Die Hebreeuse woord: "*rakh-am*", wat beteken, "tender love, compassion, mercy, pity, (as cherishing the foetus). In Deut 13:17— word verwys na die barmhartigheid van die HERE. En in Neh 1:11 gaan dit oor die barmhartigheid van iemand anders, maar dieselfde Hebreeuse woord word gebruik.

Barmhartigheid en die bejaarde:

Volgens die Skrif kwalifiseer bejaardheid onder die seëninge van die HERE. Dit blyk uit die Skrif, dat GOD waarde heg aan die lewe van die bejaarde.

Efes 6:2 Eer jou vader en jou moeder—dit is die eerste gebod met 'n belofte— Efes 6:3 sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.

So maak GOD se Woord dan ook voorsiening vir die respek en versorging van bejaardes.

Lev 19:32 Vir die grys hare moet jy opstaan, en die persoon van 'n grysaard eer; en jy moet jou God vrees. Ek is die HERE.

Ongelukkig gaan die ouderdom gepaard met die agteruitgang van die liggaam en liggaamsfunksies. Hierdie opset word duidelik in Prediker 12 geïllustreer - totdat die dood uiteindelik intree.

Pred 12:3 dié dag wanneer die wagters van die huis sal bewe en die sterk manne krom word (die bene) en die malers (tande) die werk staak, omdat hulle te min geword het, en die wat deur die vensters kyk, verduister word, (oë)

Pred 12:4 en die deure na die straat gesluit word, terwyl die geruis van die meul verswak (hart); en hy opstaan as die voël-tjies begin sing (slaapeloosheid) en al die tone van die lied dof sal word. (ore)

Pred 12:5 **Ook sal hy bang wees vir 'n hoogte, en verskriklike** dinge sal op die pad wees! En die amandelboom sal in bloei staan (grysheid), en die sprinkaan sal homself met moeite voortsleep, en die kapperkruid nutteloos wees; want die mens gaan na sy ewige huis, en die rouklaers sal op die straat rondgaan.

Pred 12:6 Voordat die silwerdraad verwyder word en die goue oliekruid stukkend val en die kruik by die fontein gebreek word en die wiel stukkend in die put val

Pred 12:7 en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.

Dit is hoe weerloos die mens word wanneer die ouderdom toeneem en hy al hoe meer van ander mense se barmhartigheid en versorging afhanklik raak.

Weduwees:

1Tim 5:16 **As 'n gelowige man of 'n gelowige vrou weduwees by** hulle het, moet dié aan hulle hulp verleen; en laat die gemeente nie beswaar word nie, sodat dit die wat waarlik weduwees is, kan help.



Hier leer Paulus die gemeente, dat wanneer **jou moeder 'n weduwee is, jy self na haar moet** omsien sodat die gemeente nie belas word nie,

maar dat die gemeente na weduwees moet omsien wat geen kinders het nie.

Hand 9:36 **En in Joppe was daar ‘n sekere dissipelin met die naam van Tabíta, wat, as dit vertaal word, beteken Dorkas. Sy was oorvloedig in goeie werke en aalmoese wat sy gedoen het.**

Hand 9:37 En in dié dae het sy siek geword en gesterwe, en hulle **het haar gewas en in ‘n bovertrek neergelê.**

Hand 9:38 En omdat Lidda naby Joppe was en die dissipels gehoor het dat Petrus daar was, het hulle twee manne na hom gestuur wat hom moes smee dat hy sonder uitstel na hulle moet oorkom.

Hand 9:39 En Petrus het opgestaan en saam met hulle gegaan. En toe hy daar kom, bring hulle hom in die bovertrek; en al die weduwees kom by hom staan en ween en wys hom die onder— en bo-klere wat Dorkas alles gemaak het toe sy nog by hulle was.

Hand 9:40 En Petrus het almal buitentoe gestuur en neergekniel en gebid. En hy het hom na die liggaam gedraai en gesê: Tabíta, staan op! En sy het haar oë oopgemaak; en toe sy Petrus sien, het sy regop gesit.

Hand 9:41 En hy gee haar sy hand en laat haar opstaan. Daarop roep hy die heiliges en die weduwees en stel haar lewendig voor hulle.

Alhoewel Tabíta moontlik **self ‘n weduwee was, het sy na ander weduwees uitgereik en hulle gehelp.** Terwyl sy moontlik self arm was, het sy haar handewerk gebruik om ander in nood te help. Sy het na ander uitgereik, met dit wat sy gehad het. Haar talent om klere te maak.

**Matthew Henry stel dit pragtig en ons haal aan:** “Many are full of good words, who are empty and barren in good works; but Tabitha was a great doer, no great talker. Christians who have not property to give in charity, may yet be able to do acts of charity, working with their hands, or walking with their **feet, for the good of others.** “

**“Sy was oorvloedig in goeie werke en aalmoese wat sy gedoen het.”** Hiervan kan ons aflei, dat sy ook dit wat sy wél gehad het met ander gedeel het. Sy het aalmoese gegee van dit wat sy gehad het, al was dit moontlik maar min.

Jak 1:27 Reine en onbesmette godsdienst voor God en die Vader is dit: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jouself vlekkeloos te bewaar van die wêreld.

Ook in Jakobus leer ons dat dit van ons verwag word om weduwees te besoek en na hulle om te sien. Al het ons niks **anders om te gee nie, kan ons hulle dalk ‘n saamry geleentheid kerk** toe of dorp toe aanbied. Of net vra of hulle iets vanaf die winkel nodig het, wanneer ons self daarheen gaan. Dis baie keer juis **hierdie klein dingetjies wat ‘n eensame weduwee of selfs bejaarde** egpaar se lewe geweldig ophelder.

Dit laat my dink aan die verhaaltjie van die weduwee wat elke Vrydag by die poskantoor in die tou gaan staan het om een posseël te koop. Dat sy in geweldige pyn verkeer was vir een van die gereelde kliënte baie duidelik en hy besluit om haar te help. Hy verduidelik toe vir haar hoe die posseël masjien teen die oorkanste muur werk, sodat sy gouer geholpe kan raak. Haar antwoord was: **“Yes, I know, but they don’t ask about my Arthritis.”**

Die toonbank klerk se vriendelike belangstelling in haar welstand, was die hoogtepunt van haar week. Iemand wat genoeg belangstel **om na haar gesondheid te verneem. Hoe leeg en eensaam kan ‘n** medemens se lewe raak?? En wat doen ons as kinders van die **HERE om ‘n verskil te maak?**

Die karakter van GOD !!!

Psa 145:8 Genadig en barmhartig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid.

Psa 145:9 Die HERE is vir almal goed, en sy barmhartighede is oor al sy werke.

Psa 145:14 Die HERE ondersteun almal wat val, en Hy rig

almal op wat neergeboë is.

Psa 145:15 Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd.

Psa 145:16 **U maak u hand oop** en versadig alles wat lewe met welbehag.

Psa 145:16 "U maak u hand oop" .....

Die Bybel beskryf die mens se karakter in terme van sy hande. As **'n persoon 'n lewe van geregtigheid lei, word hy bestempel as iemand met rein hande...**

**In Sy voorstelling van God as 'n openhartige Gewer van goeie gawes, roep hy uit: " U MAAK U HAND OOP." Hy is 'n God wat gee.**

**God's hand is oop omdat Hy ons behoeftes ken. Hy gee nie onoordeelkundig of uit sentimentele oorweging nie. Hy kan voorsien in die mens se onderskeie behoeftes. Hy gee ons nie wat ons wil hê nie, maar wat ons nodig het.**

Geestelike verkwikking word verleen aan hulle wat hul behoefte erken. As die mens besef dat God vir hom kan doen, wat hy nie vir homself kan doen nie, dan word hy aangedoen met krag uit die hoogte. **HY MAAK SY HAND OOP VIR ONS.** Is die grondleggende oorsaak van ons netelige probleme en frustrasies nie soms ons onwilligheid om te ontvang wat "SY GEOPENDE HAND ONS BIED NIE"?

Net so moet die karaktertrekke van God ook in ons teenwoordig **wees met 'n** geopende hand vir ons medemens.

Deut 15:11 Want die arme sal in die land nie ontbreek nie; daarom gee ek jou bevel en sê: **Jy moet jou hand wyd oop-maak vir jou broer**, vir die ellendige en die arme in jou land.

Om na behoefdiges uit te reik !!!

In SY bediening op aarde leer JESUS ook sy dissipels om uit te reik na hul medemens.

Luk 9:12 Toe die dag begin daal, kom die twaalf na Hom en sê vir Hom: Stuur die skare weg, sodat hulle na die dorpe en buitewyke in die omtrek kan gaan en herberg en voedsel kry; **want ons is hier in 'n verlate plek.**

Luk 9:13 Maar Hy sê vir hulle: **Gee julle vir hulle iets om te eet.** Maar hulle antwoord: Ons het nie meer as vyf brode en twee visse nie, tensy ons voedsel gaan koop vir al hierdie mense.

Luk 9:14 Want daar was omtrent vyf duisend manne. Maar Hy sê vir sy dissipels: Laat hulle in groepe van vyftig sit.

Luk 9:15 En hulle het dit gedoen en almal laat sit.

Luk 9:16 Toe neem Hy die vyf brode en die twee visse, en nadat Hy opgekyk het na die hemel, seën Hy dit en breek dit en gee dit aan die dissipels om dit aan die skare voor te sit.

**Die “Dakes Annotated Bible” gee die definisie vir Barmhartigheid/Liefdadigheid as volg aan: ‘Dit wat jy kan bekostig in alle regverdigheid teenoor jou eie familie en jou eie verpligtinge.’**

God verwag nie van ons om ons eie gesin te laat hongerly sodat ons **ander kan help nie, maar daardie ekstra ’onnodige’ goedjies kan maar bietjie agterweë gelaat word om ’n mede pelgrim in nood te help.**

Ses punte in verband met GEE:

### **1. Dit is ‘n opdrag.**

In Luk 6:38 gee JESUS opdrag dat ons moet GEE. Hier gaan dit nie slegs oor die medemens nie, maar ook oor die werk van die HERE.

Luk 6:38 **Gee, en aan julle sal gegee word. ‘n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer**

vir julle gemeet word.

Iemand het eenkeer, na aanleiding van bogenoemde Skrif, gesê:  
“**God het nie ‘n maatband nie, HY gebruik joune.**”

2. Aan wie moet daar gegee word?

(a) GOD:

Die belangrikste persoon aan wie ons kan gee, is natuurlik die HERE self en SY werk hier op aarde. Dit is immers HY wat ons in staat stel om te werk en geld te verdien.

Mal 3:10 Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskaar, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak **en op julle ‘n oorvloedige seën sal uitstort nie.**

(b) Die kinders van GOD:

Tweedens, moet ons ons broers en susters in die HERE help en aan hulle gee, volgens ons voorspoed,

Gal 6:10 Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof.

Rom 12:13 Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges; streef na gasvryheid;

1Joh 3:17 Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom?

1Joh 3:18 My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid.

Nou kan ons in alle opregtheid vra, maar WIE is my broeder?

JESUS self gee vir ons die antwoord. Mat 12:50 Want elkeen



wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, dié is my broer en suster en moeder.

(c) Ons vriende:

Wie van ons voel nie moreel verplig om goed te doen aan ons vriende nie? Waarom is ons dan hul vriende, as ons nie bereid is om aan hulle goed te doen en vir hulle te gee wat hulle nodig het nie?

Luk 11:5 **En Hy het vir hulle gesê: Wie van julle sal ‘n vriend hê en sal middernag na hom gaan en vir hom sê: Vriend, leen my drie brode,**

Luk 11:6 **want ‘n vriend van my het van ‘n reis by my aangekom,** en ek het niks om aan hom voor te sit nie—

Luk 11:7 en dié van binnekant sal antwoord en sê: Moenie my lastig val nie; die deur is al gesluit, en my kinders is saam met my al in die bed; ek kan nie opstaan om vir jou te gee nie.

Luk 11:8 Ek sê vir julle, al sou hy ook nie opstaan en vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog ter wille van sy onbeskaamdheid opstaan en hom gee soveel as hy nodig het.

(d) Ons vyande:

Dit is nie so maklik nie, maar JESUS verwag dit van ons. HY self leer ons in Mat 5:44 Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg;

GOD verwag nie van ons om te gee, wat ons nie het nie. As ons niks meer het om te gee nie, het ons ook nie nodig om skuldig te voel daaroor nie. Die HERE verwag nie die onmoontlike van ons nie. Maar as HY BAIE seëninge op ons uitstort, verwag HY van ons om ook vrygewig te wees en ryklik uit te deel aan, eerstens, SY werk en SY kinders wat baie minder bevoorreg as ons is.

### 3. Wat moet ons gee:

#### (a) Dank:

Efes 5:20 terwyl julle God die Vader altyd vir alles dank in die Naam van onse Here Jesus Christus,

Eerstens moet ons GOD ons VADER altyd dank vir alles wat HY vir ons doen en gee. In teendeel, ons kan HOM nooit genoeg dank en eer nie.

1Thes 5:18 Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle.

Dan moet ons ook teenoor ons naaste dankbaar wees vir alles wat hulle vir ons doen en gee. Al is dit klein en minderwaardig in ons oë. Hulle gee en doen wat hulle kan. Die HERE verwag van **ons om 'n gesindheid van DANKBAARHEID te openbaar.**

#### (b) Tyd:

Kol 4:5 Wandel in wysheid teenoor die wat buite is, en koop die tyd uit.

Eerstens, TYD vir ons HERE JESUS CHRISTUS en GOD die VADER, daarna om ons mede pelgrims te help en by te staan soos nodig.

1Pet 3:8 En eindelijk, wees almal eensgesind, medelydend, vol broederliefde en ontferming, vriendelik.

#### (c) Jouself:

Gal 5:14 Want die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Weereens moet ons eerstens onself aan die HERE oorgee en as ons ons naaste liefhet soos onself, sal ons ook onself vryelik tot sy beskikking stel deur die nodige tyd te spandeer om dinge

vir hulle te doen en te help waar nodig. Ons moet betrokke raak. Dit is hartverskeurend om die eensaamheid en verlatenheid te sien onder, veral bejaardes en weduwees. **‘n Paar geldstukkies bring daar GEEN verligting nie.**

(d) Geld en Goedere:

GEE wat NODIG is. Vra die HERE om jou te lei. As jyself nie luukshede kan bekostig nie, verwag die HERE nie van jou om dit aan ander te verskaf nie.

Spr 19:17 Wie hom ontferm oor die arme, leen aan die HERE; en Hy sal hom sy weldaad vergelde.

Spr 21:13 Wie sy oor toestop vir die geskreeu van die arme, hy sal self ook roep en nie verhoor word nie.

Luk 3:11 En hy antwoord en sê vir hulle: Wie twee kledingstukke het, moet meedeel aan hom wat nie het nie; en wie voedsel het, moet dieselfde doen.

Jak 2:15 As daar nou **‘n broeder of suster naak is** en aan die daaglikse voedsel gebrek het,

Jak 2:16 en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie—wat baat dit?

As die HERE dit op ons harte lê om vir iemand iets te gee, moet ons gehoorsaam wees. Daarna is dit tussen daardie persoon en die HERE, wat hy daarmee maak.

Spr 3:27 **Hou ‘n weldaad nie terug van hom aan wie dit toekom** as dit in jou mag is om dit te doen nie.

Ek wil hier iets ter illustrasie vertel:

Veronderstel iemand bid en vra die HERE om asb vir hom geld te **voorsien vir ‘n lekker stukkie vis en aartappel skyfies, want hy is nou al weke lank lus daarvoor. Jy loop die persoon ‘toevallig’ in die dorp raak en die HERE lê dit op jou hart om hom te seën**

met R50.00, maar 'n uur later sien jy hom uit die viswinkel kom met vis en skyfies in sy hande. Jy dink by jouself: "As hy geld het vir vis en aartappel skyfies, het ek seker nie reg gehoor nie." Maar intussen loof en prys hy die HERE vir die antwoord op sy gebed! Daar is baie dinge wat ons nie verstaan nie, daarom moet ons net gehoorsaam wees en doen wat die HERE op ons harte lê om te doen. Hoekom mag die HERE sy arm en be-  
**hoefte kinders nie ook soms seën met 'n lekkerny of spesiale bederfie nie?**

1Tim 6:17 Beveel die rykes in die teenwoordige wêreld om nie hoogmoedig te wees nie en ook nie hulle hoop te stel op die onsekerheid van die rykdom nie, maar op die lewende God wat ons alles ryklik verleen om te geniet;

1Tim 6:18 **dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam,**

(e) Geestelike en emosionele ondersteuning en bystand:

**Hier is 'n geweldige groot gebrek, veral in ons kerke. Niemand wil enigsins met ander betrokke raak nie. Niemand wil met mekaar verkeer nie. So baie persone wat geestelik swak is, en by ander meer ervare kinders van die HERE kan leer, lei skade as gevolg hiervan.**

Rom 12:10 wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoening;

Rom 13:8 Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; **want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul.**

1Kor 12:25 sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra.

1Kor 12:26 En as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.

Gal 5:13 Want julle is tot vryheid geroep, broeders; gebruik net **nie julle vryheid as 'n aanleiding vir die vlees nie**, maar dien mekaar deur die liefde.

Gal 6:2 Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.

Hoe kan ons mekaar se laste dra as ons nooit met mekaar verkeer en leer wat die ander persoon se laste en probleme is nie?

Efes 4:32 Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.

1Thes 5:11 Daarom, bemoedig mekaar en bou die een die ander op, .....

1Thes 5:13 ..... Hou vrede onder mekaar.

1Thes 5:14 En ons versoek julle, broeders, vermaan die onordelikes, bemoedig die kleinmoediges, ondersteun die swakkes, wees lankmoedig teenoor almal.

Heb 13:3 Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is, en aan die wat mishandel word, as mense wat **self ook 'n liggaam het**.

1Pet 4:9 Wees gasvry jeens mekaar sonder om te murmureer.

1Pet 4:10 **Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het**, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God.

4. Wat ons NIE moet gee NIE:

(a) Aanstoot:

1Kor 10:31 Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.

1Kor 10:32 Wees geen oorsaak van struikeling vir Jode of Grieke of vir die gemeente van God nie;

1Kor 10:33 net soos ek almal in alles behaag en nie my eie voordeel soek nie, maar dié van baie, sodat hulle gered kan word.

5. Hoe om te gee:

(a) Vryelik:

2Kor 9:6 Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai.

Spr 11:24 Daar is een wat ruim uitdeel en nog meer kry, en een wat terughou meer as wat reg is, maar tot sy gebrek.

(b) Na mate sy voorspoed is:

1Kor 16:2 Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insameling nie eers plaasvind as ek kom nie.

(c) Gewillig:

2Kor 8:12 Want as die bereidwilligheid daar is, is dit welgevallig volgens wat iemand besit, nie volgens wat hy nie besit nie.

(d) Blymoedig:

2Kor 9:7 Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, **want God het 'n blymoedige gewer lief.**

6. Seëninge wat volg:

(a) Soos jy gee, sal daar vir jou gegee word.

Luk 6:38 **Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.**

(b) Jy sal loon ontvang.

Mat 10:42 En elkeen wat een van hierdie kleintjies **net 'n beker kou water laat drink, omdat hy 'n dissipel is, voorwaar Ek sê vir julle, hy sal sy loon sekerlik nie verloor nie.**

### **(c) Jy kan volop hê.**

2Kor 9:8 En God het mag om alle genade oorvloedig oor julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk.

(d) Ewige geregtigheid.

2Kor 9:9 Soos geskrywe is: **Hy het uitgestrooi**, hy het aan die armes gegee, sy geregtigheid bly tot in ewigheid.

Psa 112:9 **Hy strooi uit, hy gee aan die behoeftiges**; sy geregtigheid bestaan tot in ewigheid; sy horing word verhoog in eer.

(e) Vrug vermeerder.

2Kor 9:10 En mag Hy wat saad verskaf aan die saaiër, ook brood verskaf om te eet en julle saad vermeerder en die vrug van julle geregtigheid laat toeneem,

(f) In alles ryk word.

2Kor 9:11 sodat julle in alles ryk kan word tot alle milddadigheid, wat danksegging aan God deur ons bewerk.

### **‘n Ander konsep van ‘gee’.**

In Lukas 21 kyk **JESUS uit ‘n heeltemal ander oogpunt as die mens** na die gawes wat in die skatkis gegooi word. Dis maklik **om uit jou oorvloed ‘n bedraggie te gee, selfs ‘n redelike groot bedrag. Dit is egter heeltemal ‘n ander saak om uit jou behoefte, alles te gee wat jy het.**

Luk 21:1 En toe Hy opkyk, sien Hy die rykes wat hulle gawes in die skatkis gooi.

Luk 21:2 En Hy het ook **‘n arm weduwee** daar twee geldstukkie sien ingooi.

Luk 21:3 En Hy sê: Waarlik, Ek sê vir julle dat hierdie arm weduwee meer as almal ingegooi het.

Luk 21:4 Want hulle almal het uit hul oorvloed by die gawes van God ingegooi, maar sy het uit haar gebrek ingegooi alles wat sy gehad het om van te lewe.

Liefdadigheid moenie uitgebasuin word nie.

Doen wat jy moet doen sonder om almal daarvan te vertel. Gee wat jy gelei voel om te gee, sonder om dit uit te basuin. Dit mag vir jou eer besorg voor die mense, **maar wat GOD aanbetref, het jy jou loon weg.**

Mat 6:2 Wanneer jy dan liefdadigheid bewys, **moenie 'n trompet** voor jou blaas soos die geveinsdes in die sinagoges en op die strate doen, dat hulle deur die mense geëer kan word nie. Voorwaar Ek sê vir julle, **hulle het hul loon weg.**

Mat 6:3 Maar jy, as jy liefdadigheid bewys, laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie,

Mat 6:4 sodat jou liefdadigheid in die verborgene kan wees; en jou Vader wat in die verborgene sien, Hy sal jou in die openbaar vergelde.

JESUS leer ons ook om MEER te doen as wat van ons gevra word:

**'n Mede pelgrim mag jou dalk vra om iets vir hom te doen of te gee,** maar nie die vrymoedigheid hê om die hele probleem voor te lê nie. Gee en doen liewer meer as wat hy vra indien dit in jou vermoë is, en soos die HERE jou lei om te doen.

Mat 5:41 En elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam.

GOD eer die blymoedige gewer!

Spr 31:20 Sy brei haar handpalm uit na die ellendige, en sy steek haar hande uit na die behoeftige.

Die deugsame vrou van Spreuke 31 **is so 'n blymoedige gewer. En** die onderstaande teks leer ons dat **die HERE 'n welbehag** het in weldadigheid en mededeelsaamheid.

Heb 13:16 Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehag aan sulke offers.



Spr 22:9 Wie vriendelik is, hy word geseën, omdat hy van sy brood aan die arme gee.

Spr 10:3 Die HERE laat die regverdige nie honger ly nie, maar die begeerlikheid van die goddelose stoot Hy weg.

Spr 14:31 Wie die geringe verdruk, versmaad sy Maker, maar hy wat hom oor die behoeftige ontferm, eer Hom.

Spr 22:2 Rykes en armes ontmoet mekaar, die HERE het hulle almal gemaak.

Spr 22:16 Wie die arme verdruk, bevoordeel hom; hy wat aan die ryke gee, verarm hom net.

Spr 18:23 Die arme spreek smeking, maar die ryke antwoord harde dinge.

Mar 9:41 **Want elkeen wat vir julle in my Naam 'n beker water gee om te drink, omdat julle aan Christus behoort, voorwaar Ek sê vir julle, hy sal sy loon sekerlik nie verloor nie.**

Mat 25:40 En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.

Psa 112:9 **Hy strooi uit, hy gee aan die behoeftiges; sy geregtigheid bestaan tot in ewigheid; sy horing word verhoog in eer.**

Mat 5:42 Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie.

Lukas 6:36 **Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is.**



Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en **die aarde is daar ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. \Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 –.....**maak jou klaar om jou God te ontmoet,.. “MARANATA=JESUS KOM SPOEDIG TERUG !**

Saamgestel deur:

Past Willie Horne  
Posbus 872  
KLEINBRAK  
6503

(044) 696-5891

Epos: [konanja333@gmail.com](mailto:konanja333@gmail.com)  
Webtuiste: [www.ramshoring.co.za](http://www.ramshoring.co.za)

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

## Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

